Sing vooraf staande: Psalm 7:5 (p. 27)

5 Hoor, o Regter van die volke! / Doen aan my, o God, tog reg!
Bid ek wél, o hoor my bede / na die waarheid van my weg!
Straf die goddelose bende, / stel hul boosheid perk en paal!
Help my, U wat hart en niere / met u kennislig deurstraal.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1 (p. 670)

1 ’k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil’ge Naam eerbiedig lowe.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir ’n nuwe lewe met Psalm 86:6 (p. 433).

Wet

Psalm 86:6 (p. 433)

6 Leer my na u wil te handel, / ’k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / ’k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Doop:

Psalm 105:5 (p. 515)

5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 119:55 (p. 597)

51 Hul kom nader! Kom ook nader! / Ja, ek weet van ouds af al
uit wat U voorheen getuig het: / ewig staan u waarheid pal.
Sie my aan in my ellende, / ’k voel my aan u wet verkleef;
wil my regsaak nou verdedig; / laat my, na u woord, herleef.

Skriflesing: 2 Konings 17

Teks: 2 Konings 17:41

So het hierdie nasies dan die HERE gevrees en hulle gesnede beelde gedien; ook hulle kinders en hulle kindskinders doen soos hulle vaders gedoen het, tot vandag toe. (2 Konings 17:41 AFR1953)

Wanneer jy jou lewe verwaarloos, gee die Here dit oor aan die verwoestingswerk van die satan.

- Net so is dit ook met die kerk.
- Wanneer die lidmate verflou, kom daar allerhande bygeloof en verkeerde geloof in die lewe van die kerk en die lidmate, sodat dit uiteindelik verwerplik is voor die Here.

Israel het hierdie waarheid beleef.

- U ken die geskiedenis en u weet hoeveel goddeloosheid die volk onder die leiding van sommige van sy konings bedryf het.
- Daar was nie die lus om hulle blywend te bekeer nie.

Daar was telkens die prediking van die profete dat hulle hulle moet bekeer, anders gaan die Here hulle in ballingskap wegvoer.

- Werklike bekering het uitgebly en daarom het daardie strafbeloftes van God in vervulling gegaan.
- Die volk is weggevoer.
- Hulle het nie hulle geloof versorg nie en daarom is hulle liggame weggevoer in ballingskap.
- Die gevolg daarvan was dat hulle lank onder die ballingskapstraf gely het.

Daar was ook allerlei politieke woelinge in hulle tyd.

- Maar dit was nie die mislukking van hulle politieke beleid wat hulle die ballingskap besorg het nie.
- Die oorsaak staan baie duidelik in 2 Konings 17:7-10 geskryf:

  Want die kinders van Israel het gesondig teen die HERE hulle God wat hulle uit Egipteland onder die hand van Farao uit, die koning van Egipte, laat optrek het; en hulle het ander gode gevrees en gewandel volgens die insettinge van die nasies wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdryf het, en van die konings van Israel wat dit bewerk het. En die kinders van Israel het heimlik volbring wat nie reg was teenoor die HERE hulle God nie; en hulle het vir hul hoogtes gebou in al hulle stede, van wagtoring af tot versterkte stad. En hulle het vir hul klippilare en heilige boomstamme opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. (2 Konings 17:7-10 AFR1953)

Dan word daar verder verhaal dat hulle klippilare en heilige boomstamme aanbid het en selfs vir hulle goue kalwers gemaak het en Baäl gedien het. 2 Konings 17:18 en vers 20 lees dan so:

> **So het die HERE dan baie toornig op Israel geword, sodat Hy hulle van sy aangesig verwyder het; niks het oorgebly nie as net die stam van Juda alleen.**
>
> **Daarom het die HERE die hele geslag van Israel verwerp en hulle verneder en hulle in die hand van rowers oorgegee totdat Hy hulle van sy aangesig weggewerp het.**
> (2 Konings 17:18, 20 AFR1953)

Hierdie volksonde het ook deurgewerk na hulle land toe deurdat daar meteens immigrante van alle soorte ingevoer word. En elke nasie het sy eie gode saamgebring.

- Net toe Israel die navolging van die God van die verbond agterweë gelaat het, toe het God hulle hele land aan godsdienstige verderf oorgegee sodat hulle die gevare en die gevolge van Godsverlating aan hulle eie lyf kon voel.
- Die verbondsvolk het voor hulle wegvoering so ver gedwaal in hulle godsdiens dat hulle afgodsbeelde soos goue kalwers, sterrediens en kinderoffers beoefen het.

Dit was die begin van die samesmelting van hulle godsdiens met die godsdiens van die heidendom – dié volke wat uitgeroei moes gewees het toe die volk Palestina ingetrek het en wie se godsdiens nou slaafs nagevolg word.

Die geskiedenis het vererger. Vers 25 verhaal dat die toestand met die vestiging van die nuwe volke so versleg het dat die Here leeus onder hulle ingestuur het.

- Daar is geen eer aan God gegee nie – net die afgode wat uit die heidendom saamgebring is, is aanbid.
- Die leeus wat hierdie mense verskeur het, was altyd daar. Kenmerkend van hierdie leeus was dat hulle elke keer vinnig vermeerder het wanneer die land ontvolk geraak het.
- Hierdie leeuplaag was heeltemal natuurlik te wagte. Maar wat die plaag nog vererger het, was dat die Here hierdie leeus gestuur het. Die natuur het dus hier onder leiding en bevel van die bonatuurlike krag van God gewerk.

Uiteraard het hierdie leeuplaag ’n reeks aksies aan die gang gesit onder die inwoners van die land.

- Die Israeliete wat agtergebly het, het dadelik die hand van die HERE herken.
- Onmiddellik het hulle die leeuplaag toegeskryf aan die onkunde van die koloniste.
- Hulle onderhou nie die godsdiens van die HERE reg nie.
- So het die eerste groep die skuld gegee aan die tweede groep.

Daarna het die tweede groep – die immigrante – dadelik na die Assiriese owerhede in Palestina toe gegaan.

- Hierdie keer was daar baie min godsdienstige oorweging by – dié keer was die motief suiwer politiek van aard.
- Hulle het gaan kla in die hoop dat hulle iets bo die Israeliete sou bereik. Hulle het gehoop dat hulle bevoordeel sou word, of dat hulle begunstig sou word in hierdie saak.
- Daar was dus ’n baie duidelike spanning tussen hierdie twee groepe inwoners in die land.

Die owerheidsmense moes toe weer op hulle beurt ’n verslag opstel wat na die koning toe moes gaan.

- Vir hulle het godsdiens glad nie meer ’n rol gespeel nie.
- Dit was ’n suiwer politieke saak. Die politieke eenheid van die land was besig om te verbrokkel en hulle sou hierdie verdeeldheid baie vinnig onder die koning se aandag bring.
- As hier ’n opstand sou uitbreek, sou hulle gestraf word en van hulle poste onthef word.

U moet deurentyd die werking van God onthou.

- Sy volk het Hom verlaat en Hy het hulle oorgelewer aan die dinge waarvoor hulle Hom verlaat het.
- En nou gaan hulle gebuk onder die volke wie se afgode hulle aanbid het.
- Dit gaan oor die kerk wat die suiwere godsdiens verloor het, en die gevolge moet dra, van die samesmelting met die valse godsdienste.

In hierdie geval kom daar ’n suiwer politieke oplossing vir die probleme van die kerk.

- Israel is tog die simbool van die kerk.
- Maar wanneer die antichris die oplossing moet gee, is dit glad nie so suiwer nie.

Sargon, die heiden, het net een oogmerk. Die spanning in hierdie provinsie moet weggewerk word. Vers 27:

> **Toe gee die koning van Assirië bevel en sê: Bring een van die priesters daarheen wat julle daarvandaan weggevoer het, dat hulle daar kan gaan woon en dat hy hulle die verpligting teenoor die God van die land kan leer.**

Dit klink baie goed. As dit vandag sou gebeur, sou ons seker juig en dink dat dit ’n oorwinning vir die kerk is en dat die kerk weer ’n vastrapplek gaan kry en groei!

- Kyk net hoe oneerlik en kerklik verkeerd voer die koning hierdie mooi opdrag uit.

- Daar mag net een priester gaan. As daar meer gaan, kan daar weer kerklike wrywing ontstaan, wat sy politieke planne omver kan werp.
- Hierdie een priester is met baie fyn oorleg uitgesoek.
    - Dit was nie sommer enigeen nie –
    - in elk geval nie een wat met ’n suiwer hart al die verordeninge van God die HERE onderhou het nie.

Daardie priester is eers goed ondersoek wat sy politieke oortuigings betref.

- Hy moes honderd persent Assiries gesind wees.
- As hy dan later gevorder het in sy werk, kon hy uit die Israeliete en die immigrante ander priesters aanstel.
- Dit gaan dus nie om die suiwer onderhouding van die Levitiese priestersdiens nie.

Vers 28 meld baie duidelik dat hierdie priester in Bet-El gaan bly het.

- Dit is hieruit baie duidelik dat hierdie priester een van die valse priesters was wat die goue kalwerdiens by Bet-El onderhou het voor die ballingskap.
- Want Bet-El was die sentrum waar Jerobeam se sondige kalwerdiens beoefen was.

Ons kan selfs met die grootste sekerheid sê dat hierdie priester met sy aankoms dadelik begin het om hierdie afgodstempel te herbou.

Die Bybel vertel dan verder dat hierdie priester se werk eintlik ’n mislukking was.

- Die mense het nie toe begin om die HERE te aanbid nie.
- Elke nasie het sy eie tempel gemaak en sy eie god daarin geplaas en aanbid.

Bet-El het ’n heiligdom geword met tempels vir bykans al die afgode van daardie tyd met ’n plek om die HERE tussen hulle te aanbid.

- Dan kry ons die toestand wat byna dieselfde is as wat vandag voorkom.
- Die Here en allerhande ander ideologieë word saam in een godsdiens aanbid. Vers 32:
  Hulle het die Here ook gevrees. (2 Konings 17:32 AFR1953)
- Die afgodsdiens het selfs ’n priesterorde gekry, soos die priesterorde van die Here.

Hierdie politieke voorskrifte in die kerk het in elk geval ’n politieke eenheid tot gevolg, maar ’n geweldige vervalsing in sy leer en godsdiensbeoefening.

De HERE is nie met hierdie toestand tevrede nie. Daarom wil Hy weer sy genade bevestig aan sy kerk.

- Ons lees van vers 35 af verder dat die Here toe met hulle ’n verbond gaan sluit het en dat Hy hulle toe uitdruklik beveel het om Hom alleen te dien en dat hulle geen ander gode mag vrees nie.
- Die HERE het ook in hierdie verbond beloof dat Hy hulle van hul vyande sal verlos as hulle Hom alleen aanbid en van alle afgode afsien.

Maar die kerk het geen belang gestel om te luister nie.

- Vers 40 stel dit baie duidelik dat hulle ewe ongehoorsaam volgens hulle vroeëre gebruik bly handel het.
- Ons teksvers beskryf hierdie vroeëre gebruik:
  So het hierdie nasies dan die Here gevrees en hulle gesnede beelde gedien;
  (2 Konings 17:41 AFR1953)

Waar staan ons in die ontwikkeling van hierdie teks met ons kerk?

- Voor die ballingskap het die Israeliete, soos die heidene, hulle kinders geoffer.

- Hulle het dit net wreder gedoen as ons, maar in beginsel doen ons maar presies dieselfde.

Hierdie Israeliete het hulle kinders aan Molog geoffer, in plaas van om hulle die vrees van die Here te leer.

- Offer ons nie ook maar ons kinders op die altaar van die satan as ons ons godsdiensonderrig verwaarloos nie?
- Hulle liefde vir die wêreld – met sy dikwels godsdiens-onsuiwere praktyke – wakker ons aan, want hulle moet eendag sosiaal kan aanpas.
- Maar die vrees vir die HERE word nie met dieselfde ywer onderstreep nie.

Hoeveel kerke in ons tyd het hulle nie al sterk ingelaat met die politieke ontwikkeling en stryd van ons land nie?

- Een van die sterkste waarskuwings van die tekens van die eindtyd in die boek Openbaring is dat die kerk deur die politiek van die wêreld ingesluk en beheer gaan word.
- Ons moenie met politiek kerk toe kom soos hierdie koning van Assirië nie.
- Daar is lidmate wat politiek, sosiale lewe en kerk deurmekaarmaak.
- Party dink oor die kerk van die Here uit die beginsel van sy politiek:
    - Volgens sommiges moet sy kerk aan die politieke vereistes van die dag voldoen voordat hy dinge aanvaar.
    - Ander wil net moderniseer, maar is nie in staat om een enkele beginsel uit God se Woord aan te toon waarom alles moet verander en gemoderniseer word nie – dis bloot ’n gier.
    - Ander dink die kerk is ’n welsynsorganisasie wat vir elkeen wat met betraande ogies rondloop, geld in die hand moet stop!

Die kerk is iets anders!

- Die kerk is uitverkorenes wat saam die liggaam van die Here vorm en wat in ware aanbidding saamtrek.
- Die kerk is die uitverkore kinders van God wat in gehoorsaamheid aan die volle Woord van God voor Hom buig.
- Die kerk is ware (suiwer) gelowiges wat deur God bewaar en beskerm en saamgevoeg word deur die Gees en Woord van God.

In ons tyd word die kerk veruiterlik tot hierdie uitwendige organisasie van mense wat allerhande uiterlike reëls teenoor die maatskappy moet nakom om sy bestaan te regverdig!

Dit, terwyl die Here presies daarteen waarsku dat dit presies is hoe die kerk in die laaste tye gaan vervlak en verwêrelds en uitbreek uit sy Goddelike liggaam!

Die moderne mens wil ook nie meer luister na die almagtige God nie.

- Hy kom met sy eie gedagtes waarmee hy God wil voorskryf.
- Hy gryp net sekere gedagtes en daarmee wil hy almal rondom hom (die kerk van God!) in sy stiksienige sisteme inbuig.

Dit is nie wat die kerk van die Here is nie, en dis ook nie hoe die kerk funksioneer nie!

- Die Here waarsku ons dat dit juis is hoe die kerk van die Here in die laaste dae sy inhoud verander – dit verskuif van ware diep aanbidding af na vervlakte afgodediens – soos hierdie geval waarvan ons gelees het.
- Daarom is dit so belangrik dat elkeen van ons homself diep voor God verootmoedig, dat ons nie met allerhande ander gedagtes en wêreldse idees na die kerk toe kom en die twee saam beoefen nie.

- Dan kry ons altyd die samesmelting van geloof en ongeloof, en beland ons waar ons die HERE én gesnede beelde dien.

Die teks het iets belangriks wat dit ons leer. Ons moet uit die geskiedenis van die Israeliete leer dat die Here ons blyplek en ons bidplek van ons af gaan wegneem as ons Hom verlaat of op 'n afgodiese manier aanbid.

Dit is nodig dat ons ons godsdiens baie reg en baie suiwer moet beoefen. Daar is nie in die godsdiens iets soos "alle paaie lei na Rome" nie.

- Dit is dan juis waarvoor Christus aan die kruishout gehang het! Om God se genade en waarheid van aanbidding aan ons te leer.
- Die Here het 'n genadeverbond met die kerk: ons moet God alleen en in waarheid dien – vir sulkes beloof Hy ewige beskerming!

Die Here bewys sy mag aan ons.

- Hy kan ons beskerm, want sy Seun moes sterf en uit die dood terugkeer sodat Hy God se almag aan ons kan bewys.
- God kan ons selfs van die dood beskerm as ons net in Hom glo.

God beloof Israel dat Hy sal voorsien as hulle net glo.

- Die insig vir die regte besluit op die regte oomblik word uit jou geloof en 'n vaste kennis van en vertroue op God gebore.
- Dit is waarvoor God die Heilige Gees aan ons gegee word. Hy sorg in sulke krisisoomblikke.

Die Here Jesus Christus se dood bewys ook aan ons dat geloof in God meer as genoeg is vir hierdie lewe.

- Dit is beslis nie nodig om jou godsdiens saam te smelt met allerlei ander dinge om krag daaraan te gee nie.
- 'n Suiwer Godsaanbidding en eerlikheid teenoor God, jouself en jou medemens is al wat nodig is.

As ons nie hierin volhard nie, sal God ons oorgee aan hierdie dinge wat ons self produseer – soos vir Israel.

- Die gevolge van hulle godsdiens en die verderflike gevolg daarvan is nie vergelykbaar met die beloftes van God nie.
- Ons moet skerp wees en nie soos die nasies die Here se Woord en beginsels met allerhande vlakhede vervang – en eindelik in afgodsdiens in die Naam van die Here verval nie.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:1, 3 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 April 2011